## 8 Desember - VOLBRING

**Skrifgedeelte: Johannes 19:1-16 (OAV)**
**Fokusgedeelte: Johannes 17:4 en 19:5, 30 (OAV)**

Wanneer ons voor God se regterstoel verskyn, sal die aanklaer sê: Dáár is die mens! Kyk al sy sondes, sy ongehoorsaamheid! Hy is 'n eter van verbode vrugte! Hierdie mens moet geoordeel word!

Van Jesus word dieselfde uitspraak gemaak: Dáár is die mens! Pilatus profeteer onbewustelik. Net soos Kajafas toe hy as die hoëpriester geprofeteer het: Dit is vir ons voordelig dat een man vir die volk sterf. Johannes voeg hierby: … hy het geprofeteer dat Jesus vir die volk sou sterwe (Joh 11).

Pilatus lewer uitspraak: *"Kyk, ek bring Hom vir julle buitentoe, sodat julle kan weet dat ek in Hom geen skuld vind nie."* Jesus word dan uitgelei met 'n doringkroon op sy kop, 'n purperkleed om sy skouers. Dis 'n spotbeeld! Met 'n bebloede gesig en lyf as gevolg van géselslae staan Hy daar as die Lam wat na die slagplek toe gaan.

Met: "Dáár is die mens!" wys Pilatus Jesus aan as die een wat geen gestalte of heerlikheid het dat ons Hom sou aansien nie. Hy was verag en deur mense verlaat, 'n man van smarte (Jes 53:2, 3). Daar is die mens wat die regverdige God se straf op die sonde moet dra.

Die owerpriesters, wat die Ou Testament moes ken, moes geweet het dat die naam Adam "mens" beteken. En ook dat Jesus die tweede Adam is wat in die plek van die eerste Adam sou kom staan het. Soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het, so sal die gehoorsaamheid van die tweede Adam die gelowiges regverdig maak (Rom 5).

Aan weerskante van die uitspraak "Dáár is die mens" staan Jesus se uitspraak: *"Dit is volbring!"* In Johannes 17:4 bid Jesus: "Die werk wat U my gegee het om te doen, het Ek volbring." En toe Hy sy asem uitblaas, sê Hy: "Dit is volbring!" (Joh 19:30). Dit beteken: my taak, my opdrag is afgehandel, voltooi, uitgevoer. Dit wat die mens nie kon doen nie, het Ek gedoen. Die skuld is betaal. *"Hy is ter wille van ons oortreding deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom"* (Jes 53:5).

Dáár is die Mens wat in my plek voor God se regterstoel staan en volbring het wat ek nie kon volbring nie! Dáár is die Mens wat my geregverdig het!

*Sing: Psalm 31:17 (1936-beryming)* *Ds AH Stavast (Kroonstad)*